

**20 Mei**

**Skrifgedeelte: Openbaring 3:1-6**

**Fokusgedeelte: DL, 1:11**

### **God is nie wispelturig nie!**

Mense kan baie wispelturig wees. Die een dag hou hulle van jou en die volgende dag haat hulle jou. Sportmanne loop byvoorbeeld deur onder wispelturige keurders. Die een week is hulle nog goed genoeg om vir die span te speel en net die volgende week word hulle wegelaat. Ek is ook maar wispelturig. Die een dag kan ek seker voel dat ek gered is en net die volgende dag kan ek daaroor twyfel.

Genadiglik is God “alwys, onveranderlik, alwetend en almagtig ...” Hy is dus beslis nie wispelturig nie. Gevolglik is die uitverkiesing ook 'n saak wat vas staan. Dit kan nie “onderbreek, verander, herroep, of afgebreek word nie. Die uitverkorenes kan ook nie verwerp of hulle getal verminder word nie.”

Jesus het immers belowe (Open 3:5): “Elkeen wat die oorwinning behaal sal sulke wit klere dra. Ek sal nooit sy naam uit die boek van die lewe uithaal nie, en Ek sal voor my Vader en voor sy engele verklaar dat hy aan My behoort.” Romeine 11:29 sê: “As God eenmaal aan mense sy genadegawes geskenk en hulle geroep het trek Hy dit nooit weer terug nie.”

Ek het dus die heerlike en vaste troos dat ek kan weet waar ek met God staan. As ek in Hom glo, as ek uitverkies is, is ek vir ewig uitverkies. God se onveranderlike wese en sy belofte dat Hy nooit my naam uit die boek van die lewe sal haal nie is my waarborg!

God se onveranderlike wese en sy belofte verdryf alle twyfel uit my lewe. Ek weet my eindbestemming by God staan vas, want Hy het my self gekies en sy uitverkiesing is onveranderbaar. Dit is ware geloofsekerheid: nie geloofsekerheid wat op my wisselvallige gevoel gegronde is nie, maar wat op God se wese en sy beloftes gegronde is!

*Ds. HPM van Rhyn (Thabazimbi)*

